**SAVLU 2027**

**BORDUURMASJIENWERK**

**Skinkbordlappie**

- ❖ Voorkoms: 50％
- ❖ Werksgehalte: 50％

**Vereistes**

- ❖ Maak en borduur ‘n skinkbordlap met die borduurmasjien. Dit mag nie ouer as twee jaar wees nie.
- ❖ Skinkbordlap kan beskik oor enige vorm met die minimum grootte van 600cm$^2$.
- ❖ Die verhouding van 2:3 (2 tot 3) word vir ‘n ovaal- en reghoekige vorm aanbeveel.
- ❖ Die gebruik van ‘n naaldwerkmasjien, vir die insit van die soom of ‘n kantafwerking, is toelaatbaar maar mag nie die artikel oorheers nie.
- ❖ Gebruik jou borduurmasjien optimaal.

**Wenke**

- ❖ Die ontwerp moet pas by die vorm van die artikel en moet nie ‘n bepaalde bo of onderkant hê nie.
- ❖ Klein fyner ontwerpe wat nie te bonkig is nie, word aanbeveel. Vermy ontwerpe met verhewe gedeeltes.
- ❖ Neem kunsbeginsels in ag by die samestelling van ontwerp.
- ❖ Die korrekte spanning en keuse van steke by die borduurwerk is baie belangrik.
- ❖ Gebruik die randafwerking as ‘n raam vir die plasing van ontwerpe.
- ❖ Gebruik ‘n tekstielstof met ‘n stewige ewedraad weef.
- ❖ Let op na die draadrigting met die uitmeet en knip van skinkbordlap.
- ❖ Die gebruik van ‘n stabiliseringstof moet netjies en korrek gebruik en verwyder word.
- ❖ Die keuse van stabiliseringstof moet pas by die keuse van tekstielstof.
- ❖ Enige geskikte gare wat die gekose ontwerp of ontwerpe tot hul reg sal laat kom, kan gebruik word.
- ❖ Op die spoeletjie kan dieselfde kleur gare gebruik word of selfs spoeletjie gare “bobbin thread” wat dunner is en goeie resultate saam met masjien borduurgare gee.
- ❖ Plaas die artikel met die regterkant na onder op ‘n sagte oppervlak en pars versigtig aan die verkeerde kant.
- ❖ Die gebruik van stysel vir ‘n goeie eindresultaat is toelaatbaar.

**Aanbieding**

- ❖ Trek ‘n stewige basis oor met lap en ryg 2/3 van artikel daarop vas.
- ❖ Verpak in ‘n deursigtige plastieksak, en as volg gemerk: MASJIENBORDUURWERK, jou naam, tak, area en provinsie.
- ❖ Heg kaartjie aan artikel met hekelgaring.
- ❖ Geen hakspelde asb.